# Sandveld-aartappelprodusente takel talle uitdagings

**Deur Hugo Lochner, Plaas Media**

Die Sandveld Aartappelkwekersorganisasie (SAKO) se algemene jaarvergadering is onlangs op Lambertsbaai gehou. Uitdagings soos beurtkrag en stygende produksiekoste, die Sandveld Aartappelwerkgroep se jongste navorsingresultate, die rol van varsproduktemarkte in prysbepaling en die belangrikheid van goeie inligting is tydens die vergadering bespreek.

Jannie Basson, voorsitter van SAKO, het in sy voorsittersverslag gesê dit gaan vanjaar ietwat slegter met aartappelprodusente in die Sandveld as in 2022. Die redes daarvoor is erger beurtkrag, hoë produksiekoste en natuurlike ondergrondse waterbronne wat onder druk is weens ondergemiddelde reënval in 2022.

"Beurtkrag is 'n groot probleem op besproeiingsplase en plaas, saam met ander faktore, druk op produsente wat gevolglik minder hektare aartappels aanplant," het hy gesê.

## Kommer oor water

Die groter Sandveld-area maak hoofsaaklik gebruik van ondergrondse waterbronne. In 2022 het die streek net sowat 50% van sy gemiddelde reënval aangeteken. Dit het 'n groot invloed op ondergrondse waterreserwes en watergehalte gehad.

SAKO laat toets die streek se ondergrondse water elke jaar deur 'n geohidrologiese maatskappy. "Die jongste resultate het gewys dat die streek se watervlakke en watergehalte gedaal het. Dit is kommerwekkend en ons as produsente sal moet besluit hoe ons hierdie situasie in die toekoms gaan hanteer," het Basson gesê.

SAKO is ook besig met 'n reserwe-bepaling van waterbronne deur 'n privaat konsultasiemaatskappy in samewerking met die Departement van Water en Sanitasie. "Die toetsuitslae sal ingespan word om water-kwotas en -produsente-allokerings aan te pas."

## Ondersteun varsproduktemarkte

Basson het sy kommer uitgespreek oor die voortbestaan van Suid-Afrika se varsproduktemarkte as prysbepaler van tafelaartappels, asook die hoë kleinhandelsprys van aartappels. In die Sandveld, waar hoë-gehalte aartappels geproduseer word, is dit 'n groeiende tendens om aartappels direk aan kleinhandelaars te lewer. Dit is ongesond, aangesien die swakker gehalte produk nou na die varsproduktemarkte gestuur word en die markte steeds die primêre prysbepaler bly.

Hy is ook bekommerd oor die groeiende kleinhandelsprys van aartappels, wat kan uitloop op kopersweerstand. Die hoër insetkoste en energiekrisis wat ekstra onkoste deur produsente verg, veroorsaak dat produsente minder aartappels plant, met 'n gevolglike kleiner aanbod. Sodra die vraag die aanbod oorskry, sal pryse styg.

"Dit kan korttermynvoordele vir produsente inhou, maar ons weet die verbruiker is onder druk weens



*Christo van der Rheede (links), hoof uitvoerende beampte van Agri SA, saam met Jannie Basson (middel), voorsitter van SAKO en Terrence Brown, voormalige Aartappels SA verteenwoordiger in die Sandveld.*



*Van links is Gert Bester, voorsitter van Aartappels SA, Willie Jacobs, hoof uitvoerende beampte van Aartappels SA, en Piet Brink, voorsitter van die Sandveld Aartappel-werkgroep.*

ekonomiese toestande. Wie moet ons produk koop as die mense dit nie kan bekostig nie? As aartappels te duur raak, kan die aankoop daarvan stagneer," het Basson gesê.

### Kundigheid produseer voedsel

Christo van der Rheede, uittredende hoof uitvoerende beampte van Agri SA, het gesê die boodskap wat Agri SA elke dag aan die regering oordra, is dat dit nie grond is wat voedsel produseer nie – dis kundigheid.

Organisasies soos Agri SA en Aartappels SA moet hierdie kundigheid beskerm en bemagtig, en daardie kundigheid se staanplek in die toekoms van Suid-Afrika verseker. "Verloor ons ons produsente, dan verloor ons voedselsekerheid en ons status as 'n voedselseker land," het hy gesê.

### Let op pryse en gehalte

Die voorsitter van Aartappels SA, Gert Bester, het gesê die aartappelbedryf is onder groot druk en moet homself reg posisioneer om te oorleef. Hy het produsente gevra om nie volumes te jaag nie, maar eerder aanvraag reg te lees en op prys en gehalte te let. Die mark kan nie aartappels verkoop as die vraag nie groot genoeg is nie.

Hy het op die belangrikheid van oop kommunikasielyne tussen produsente en Aartappels SA gewys. "Die dag as Aartappels SA nie meer hoor wat produsente sê nie, of as produsente nie meer hoor wat Aartappels SA doen om hul probleme te help oplos nie, is daar geen kans vir Aartappels SA se voortbestaan nie.

"Daar is tans 'n regskud in die bedryf wat geleenthede bring. Produsente moet dit benut. Diegene wat suiwer volume najaag se bestaansreg is in gevaar. Dié wat op gehalte en prys let, sal hul mark beskerm en het 'n toekoms," het Bester gesê.

### Pryse te ver van mekaar

Willie Jacobs, hoof uitvoerende beampte van Aartappels SA, het gesê niemand in die aartappelwaardeketting hoef marges op te gee om die produsente- en verbruikersprys nader aan mekaar te bring nie. "As ons net die doeltreffendheid en ekonomie van die bedryf kan verander, en as ons kan sê supermarkte hoef nie te voorsien vir verliese nie en produsente hoef nie produkte terug te stuur nie, kan ons 'n beter marge vir alle rolspelers verseker."

Die aartappelbedryf is volumegewys besig om 'n negatiewe tendens te betree. Die gemiddelde produsenteprys versus die gemiddelde verbruikersprys is een van die faktore wat daartoe bydra. Die produsenteprys maak nie meer as 30% van die totale verbruikersprys uit nie. "Die twee pryse sal net nader aan mekaar beweeg as almal met dieselfde inligting werk. Die inligting moet regdeur die bank dieselfde wees, sodat supermarkte beter prysbepalings kan doen.

### Inligting is goud werd

Jaco Koekemoer, bemarkingsbestuurder van Aartappels SA, het produsente versoek om die markstelsel te ondersteun. Daar is agt moontlike bemarkingskanale wat 'n produsent kan gebruik om sy of haar produk te verkoop. "Die realiteit is dat Aartappels SA net van een prys weet en dit is die prys op die varsproduktemarkte. Ons weet nie wat die prys is van aartappels wat aan verwerkers, direk aan die kleinhandel of aan herverpakkers gelewer of uitgevoer word nie. Ons moet dus ons markagente ondersteun," het Koekemoer gesê.

Die nasionale streekskoördineerder van Aartappels SA, FP Coetzee, het die belangrikheid van die gebruik van inligting om vraag en aanbod nader aan mekaar te bring, beklemtoon. Hy het die voorbeeld gebruik van produsente in Limpopo wat, met 'n 55%-deelname in terme van inligting, 29% van hul produksie onder die gelykbreekprys moes verkoop. In provinsies met goeie deelname in terme van inligting (KwaZulu-Natal, die Noord-Kaap en Sandveld), het produsente minder as 10% van hul produksie onder die gelykbreekprys verkoop.

"Produsente moet weet wat in hul streek en op die varsproduktemarkte aangaan. Dit is beter om aartappels wat weens 'n te groot aanbod te lank op die markvloer lê en nie meer goed lyk nie, te verwyder. Die markvloer sal beter vertoon, die persepsie by die mark sal beter wees, en jou handels-merk sal beskerm word," het Coetzee gesê.

### Klimaat lei tot laer opbrengste

Piet Brink, voorsitter van die Sandveld Aartappelwerkgroep, het gesê die




*Jaco Koekemoer, bemarkingsbestuurder van Aartappels SA.*

realiteit van klimaatsverandering is met ons. Die grootste uitdaging is water en hoe dit voortaan bestuur word. Nuwe tegnologie kan die proses vergemaklik, maar dit is belangrik om die regte en verbruikersvriendelike tegnologie te gebruik.

Die gemiddelde opbrengs van die werkgroep se jongste kultivarproewe was ongeveer 20% laer as dié van die vorige vyf jaar. "Ons soek nog na redes vir die laer opbrengste. Dit is duidelik dat dit iets anders as normale produksiepraktyke is. Ons vermoed die veranderde weersomstandighede, soos laer temperature in die knolvultydperk, het 'n rol gespeel," het Brink gesê.

Die jaarlikse kultivarproewe toon duidelik watter kultivars bestendig vertoon en met vertroue geplant kan word. In die jongste proewe het Sifra en Mondial weer uitgestaan en is ook die kultivars wat die bestendigste oor die afgelope vyf jaar vertoon het.

Die kultivarproewe gaan egter nie net oor kultivarinligting nie. "Dit is 'n diens aan produsente en 'n belangrike kontakpunt waar



*FP Coetzee, nasionale streekskoördineerder by Aartappels SA.*

Aartappels SA-lede bymekaarkom, kennis uitruil en ander aspekte van aartappelverbouing en -bemarking bespreek."

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 37 NO 4 • JULY / AUGUST 2023



## FRESH PRODUCE MARKETS: PACKAGING AND REPACKAGING TO PERFECTION

## KULTIVARPROEWE IN LIMPOPO, KWAZULU-NATAL EN OOS-VRYSTAAT

Resistance management of moths

Market monitor: First 22 weeks at fresh produce markets in 2023

Globally Harmonised System in context